vir die berge, „Val op ons" en vir die heuwels, „Bedek ons! " Maar die enigste bedekking vind ons in die bloed van die versoening.

Die vermelding van die losprys in die woorde van Elíhu is 'n nuwe element. Daar is in hierdie Bybelboek wel sprake van die behoefte aan 'n skeidsregter en 'n „Losser", maar die gedagte aan 'n losprys kom – in hierdie Bybelboek – slegs hier voor. Dit is dus wel 'n belangrike openbaringselement.

Die betekenis van Elíhu se voorstelling van die siekbedservaring word nog duideliker uit die gebed van die geneesde. Hy bid. Hy dank en sing: „Ek het gesondig en verdraai wat reg is, maar dit is my nie na verdienste vergeld nie." Toe sy plig aan hom te kenne gegee is, het hy dus sy sonde ingesien en berou gehad en vergewing gevind. Dit het geskied op grond van die losprys wat die „gesant" gevind het.

Wie anders kan hierdie besondere engel wees as „die engel van die HERE?" Hy is die profeet wat ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle geopenbaar het (Heidelb. Kat., vraag 31). Inderdaad is die verlossingsplan in die woorde van Elíhu „verborge" en omsluier. Tog is die heilsopenbaring in die boek Job nêrens duideliker as hier in die woorde van Elíhu nie.

Met hierdie voorstelling van geloofservaring op die siekbed bedoel Elíhu: Het jy so iets nie ervaar nie, Job? Sê nie te gou nie: „God antwoord nie! " As jy maar luister!

Elíhu bedoel dit goed. Ons kan sy woorde ter harte neem!

Tog het Job langs 'n ander weg uit sy lyding uitgekom! Dit is die besondere karakter van die boek Job.

*Die optrede van Elíhu (vervolg)* (hfst. 34)

Elíhu wend hom nou tot die „wyse manne", dit is die vriende van Job. Hulle moet hoor, sê hy, „want die oor toets woorde soos die verhemelte die spys proe" (vs. 3). Hierdie beeld het Job self ook gebruik (12:11).

Eers herhaal hy 'n paar gesegdes van Job om aan te toon hoe goddeloos hy is. Hy drink godslastering soos water (vs. 7). Elíhu sê dat Job gesê het: „Dit baat 'n man niks dat hy 'n welgevalle aan God het nie." Maar dit het Job nie gesê nie! Hy het oor ander mense gepraat wat dit wel gesê het (21:15). Job het gesê: „As ek gesondig het, wat doen ek U aan, o Mensebewaker! " (7:20.) Miskien het Elíhu aan dié uitspraak van Job gedink. Elíhu haal ook aan dat Job gesê het: „God het my my reg ontneem" (vs. 5). Dit het Job inder-



daad gesê (kyk 27:2.) Hy beskuldig God dus van onreg en Elíhu gaan daarop nou breedvoerig in. Hy betoog nou dat God nie onregverdig is nie. Bildad het dit ook alreeds gesê (8:3), maar Elíhu wil dit nog verder beklemtoon.

10 Daarom, manne van verstand, luister na my:
Ver is God van goddeloosheid
en die Almagtige van onreg!
11 Veelmeer vergeld Hy die mens na sy werk,
en volgens 'n man se wandel laat Hy hom ondervind.
12 Ja waarlik, God handel nie onregverdig nie.
en die Almagtige verdraai nie die reg nie.
13 Wie het aan Hom die aarde toevertrou,
en wie het die hele wêreld gegrond?
14 As Hy op Homself ag sou gee,
sy Gees en sy asem na Hom sou terugtrek,
15 dan sou alle vlees tesame die asem uitblaas
en die mens sou tot stof terugkeer.
17 Kan ook een wat die reg haat, heers?
Of durf u die Regverdige, die Geweldige, veroordeel?

Elíhu stel hier dat God regverdig is, maar sê ook waarom dit so is. Dit is so omdat God die Magtige, die Geweldige is. Omdat hy magtig is, doen Hy ook reg. Dit is 'n stelreël wat in menslike verhoudinge nie geld nie! Mag kan misbruik word. Tog spreek Elíhu hierdie stelling baie sterk uit in die vraag: „Kan ook een wat die reg haat, heers?" Hy bedoel: nee, dit kan nie! Maar die geskiedenis leer dat dit wél kan! Baie heersers was onregverdig.

Elíhu praat hier egter oor God en nie oor menslike verhoudings nie. God se mag is mos skeppersmag! Bo Hom staan niemand anders wat die aarde aan Hom toevertrou het nie. In Hom is die oorsprong van alle dinge, ook van die reg. As die almagtige Skepper is Hy die Geweldige, sy skeppingsmag is heersersmag. Dat Hy onreg sou doen is dus totaal uitgesluit.

Tog het mag in menslike verhoudinge ook iets met reg te doen: wie insien wat reg is en die reg wil handhaaf, moet ook die mag hê om dit te kán doen. En ook in menslike verhoudinge sien ons dat 'n heerser wat die reg haat, sy onderdane nie gelukkig maak nie. Sedekia is daarvan 'n duidelike voorbeeld – kyk Eseg. 19:5–9.

Ook in dié sin is God regverdig dat Hy die mag het om die reg te handhaaf.

Elíhu beskryf nou verder hoe God dit inderdaad ook doen. Hy is

die God wat die vorste nie voortrek nie en op die vername nie meer ag gee as op die arme nie, want hulle is almal die werk van sy hande. Sy oordele kom plotseling (vs. 20). Niemand kan hom vir Hom verskuil nie. Hy hoef ook nie langdurige ondersoeke in te stel nie (vs. 23), want Hy ken hulle werke en straf voor die oë van almal. Want hulle het afgewyk „om die geroep van die arme na Hom te laat kom . . ." Dit wil nie sê dat dit die doel van die oortreders was nie. Dit was die gevolg van hulle optrede. Dit is 'n stylfiguur om die resultaat voor te stel asof dit die beoogde doel was.

29 En gee Hý rus, wie durf Hom dan veroordeel?
En verberg Hy die aangesig,
wie kan Hom dan aanskou? –
of dit al 'n nasie betref of 'n mens, almal saam;
30 sodat die goddelose mense nie sal regeer,
sodat hulle geen strikke vir die volk sal wees nie.
31 Want sê iemand wel tot Gód:
Ek boet sonder dat ek sleg handel;
32 wat ek nie insien nie, leer Ú my dit;
ás ek onreg gedoen het,
ek sal dit nie meer doen nie? –
33 moet Hy volgens u mening tog vergelding doen?
U is mos ontevrede,
sodat ú moet sê wat beter is, en nie ek nie!
Wat u dan weet – spreek dit uit!
34 Manne van verstand sal vir my sê,
en 'n wyse man wat my aanhoor:
35 Job spreek sonder kennis,
en sy woorde is sonder verstand.
36 Ag, mag Job getoets word tot die einde toe
weens die antwoorde in die trant van kwaaddoeners.
37 Want hy voeg 'n oortreding by sy sonde;
onder ons spreek hy smadelik
en vermenigvuldig sy woorde teen God.

God doen dus reg, maar, so sê Elíhu verder, Hy tree nie altyd op soos ons dit sou wens nie, nie op ons manier en op ons tyd nie. Hy druk dit uit met die woorde, „En gee Hý rus", d.w.s. laat Hy dinge gaan sonder om in te gryp, dan – sê Elíhu – mag ons Hom nie daaroor veroordeel nie. As Hy sy optrede vertraag, volg daaruit dat goddelose mense aan die regering bly en strikke, oorsake van ellende, vir die volk word. Maar dan mag ons nie eis dat Hy optree,



sodat die goddelose mense nie sal regeer nie, maar moet ons in sy beskikking berus.

Mense – en dus jy ook, Job, sê Elíhu, sê mos nooit tot God: Ek boet sonder dat ek (na my wete) sleg handel; maar wat ek nie insien nie, leer my dit en dan sal ek dit nie weer doen nie. So ootmoedig is mense nie! Maar moet God tog maar optree volgens ons insigte? Waag jy om dit sê?

Elíhu dink nou dat hy Job só in 'n hoek gedryf het dat elkeen sal insien dat Job woorde spreek sonder verstand. Job is nog lank nie swaar getoets nie! Hy het nog verdere „toetsing", lyding, nodig! Hy hét oortree, dit blyk uit sy rampe! So dink ook Elíhu. Maar nou is Job ook nog krities teenoor God!

Niemand het Job so diep neergedruk as wat Elíhu hier doen nie!

*Die optrede van Elíhu (vervolg)* (hfst. 35)

In 34:9 het Elíhu – ten onregte – beweer dat Job gesê het: „Dit baat 'n man niks dat hy 'n welgevalle aan God het nie." Hy kom nou daarop terug en beweer dat Job so iets gesê het, nl. wat baat my geregtigheid my? Wat help dit my meer as wanneer ek sondig?

Job het dit nooit so uitdruklik gesê nie – tensy sy woorde in 9:22 so uitgelê word.

Elíhu redeneer nou van die ander kant af en sê dat God so hoog en verhewe is, dat ons oortredinge Hom geen skade kan berokken nie.

Dit het Job self ook al gesê (7:20). Élifas ook (22:2), met die konklusie dat die verstandige aan homself diens bewys. Tot hierdie konklusie kom Elíhu ook:

35:7 As u regverdig is, wat gee u aan Hom?
Of wat kan Hy uit u hand aanneem?
8 U goddeloosheid raak net 'n mens soos u,
en u geregtigheid 'n mensekind.

In die tweede helfte van hoofstuk 35 praat Elíhu plotseling oor iets anders, nl. oor die klag dat God nie na die mense – en ook nie na Job – luister nie. Die verdruktes bly maar aanhou skreeu; hulle roep om hulp oor die geweld van die grotes. Maar waarom luister God nie? Omdat hulle roep sonder kennis van God. Hulle roep miskien „o God! o, God!", maar erken hom nie as hulle Maker nie.

Met 'n fyngevoelige trek teken Elíhu hoe goed dit is om jou Maker te ken, „wat lofsange gee in die nag", vs. 10b. Die nag is die

tyd van benoudheid en angste, maar dan, „in die nag sal sy lied by my wees", Ps. 42:9. Voorts kan God ook van die mense verwag dat hulle met vertroue tot Hom roep, „wat ons meer leer as aan die diere van die aarde en ons wyser maak as die voëls van die hemel." Na hol geskreeu en nietige klagte luister God egter nie. Maar met Job is dit nog erger, sê Elíhu. By Job nie 'n leë geroep nie maar verwyte! Die regsaak is voor Hom, maar Hy laat Job wag. Hy slaan geen ag op Job se oormoedige woorde nie en nou „maak Job sy mond wyd oop in nietige gepraat, vermenigvuldig hy woorde sonder kennis." Elíhu bestraf Job hard!

*Die optrede van Elíhu (vervolg)* (hfst. 36)

Elíhu het verder gesê:

2 Wag 'n bietjie op my, en ek sal u inlig;
want daar is nog genoeg te sê tot eer van God.
3 Ek sal my kennis van ver af ophaal
en aan my Skepper reg verskaf.
4 Want waarlik, my woorde is geen leuens nie;
een wat volkome is in kennis, is by u.
5 Kyk, God is geweldig, nogtans ag Hy niks gering nie –
geweldig deur krag van verstand.
6 Hy laat die goddelose nie lewe nie,
maar aan die ellendiges verskaf Hy reg.
7 Hy trek sy oë nie af van die regverdige nie,
maar by konings op die troon laat Hy hulle sit
vir altyd, sodat hulle verhoog is.
8 Maar as hulle in kettings geklink is,
gevang word in bande van ellende,
9 dan gee Hy aan hulle hul dade te kenne
en hul oortredinge, dat hulle gedrag hoogmoedig was;
10 dan open Hy hulle oor vir die tugtiging
en sê dat hulle moet terugkeer van ongeregtigheid.
11 As hulle luister en Hom dien,
dan bring hulle hul dae deur in voorspoed
en hul jare in aangenaamheid.
12 Maar as hulle nie luister nie,
dan kom hulle om deur die spies,
en hulle blaas die asem uit sonder kennis.
13 Maar die goddelose van hart koester nyd;
hulle roep nie om hulp as Hy hulle bind nie.



14 So sterwe dan hulle siel in die jeug
en hulle lewe soos dié van skandseuns.
15 Hy red die ellendige deur sy ellende
en open hulle oor deur verdrukking.

Elíhu is sterk oortuig van sy eie regte insig en het nog baie om te sê tot eer van God en om aan sy Skepper reg te verskaf. As Job dit hoor, sal hy wel dieselfde dink as wat hy gedink het, toe die drie vriende „vir God gepleit" het (13:7–11).

Elíhu spreek nou verder oor God en sê dat Hy wel geweldig is, maar dat dit nie beteken dat Hy nie ag gee op geringe dinge nie. Hy bemoei hom met die mense en sien die onderskeid tussen regverdiges en goddeloses. Hy sien egter nog meer. Hy sien ook dat regverdiges soms hoogmoedig word. Dan laat Hy hulle in kettings geklink word en sê dat hulle hul moet bekeer. As hulle luister, gaan dit weer voorspoedig met hulle. So het dit met Hiskía gegaan (II Kron. 32:25, 26). Anders kom hulle deur die spies om, d.w.s. hulle sterf 'n gewelddadige dood, wat as 'n gerig oor hulle beskou moet word. En wat die goddeloses betref – hulle koester nyd, hulle word kwaad en bitter van gemoed. Hulle roep nie tot God nie; erken nie God se waarskuwings nie en sterf in hulle jeug, soos skandseuns. Dit is die mense wat hulle oorgee aan die sakrale prostitusie by die „heiligdomme" van Baäl en Astarte. Hulle sterf meesal jonk.

Die bedoeling van beproewings, so wil Elíhu sê, is dus om deur ellende die ellendiges te red. En met hierdie voorbereidende les wend hy hom nou tot Job.

16 So lok Hy u dan ook uit die mond van die nood
na 'n onbeperkte ruimte en na die behaaglikheid
van u tafel wat vol is van vetspys.
17 Maar u is vol van oordeel oor die goddelose:
oordeel en strafgerig sal u aangryp.
18 Want pas op dat woede u nie verlok by die bestraffing
en die grootheid van die losprys u nie verlei nie.
19 Sal Hy u geroep om hulp voorbring
waar daar geen nood is nie,
en alle moontlike kragsinspanning van u?
20 Smag nie na die oordeelsnag
wat volke wegneem uit hulle plek nie.
21 Neem u in ag, wend u nie tot ongeregtigheid nie;
want dit verkies u liewer as ellende.

Dit is moeilik om hierdie verse te verklaar. Die verskillende lesings en vertalings en menings loop ver uiteen. Hulle moet egter 'n toepassing wees op wat voorafgaan en 'n waarskuwing aan Job bevat om nie verkeerd te reageer op sy beproewing nie.

Die begin van vs. 16 kan ook só gelees word: ruimte het u weggevoer van die muil van die nood. Nood, gebrek gee pyn. Honger is 'n skerp swaard! Maar Job het altyd „in die ruimte", d.w.s. in weelde en oorvloed gelewe en nooit gebrek geken nie. Noudat hy tog in nood verkeer, kan hy hom nie in die toestand skik nie en praat nog asof hy die vername man van vroeër is. Elíhu bedoel: daar is by Job geen verootmoediging nie, maar die verharding en verstoktheid van die sondaar. 'n Illustrasie van so 'n houding kry ons by die ryk man uit die gelykenis (Luk. 16). Op aarde was hy gewoond daaraan om te hiet en gebied, en in die smarte van die doderyk kommandeer hy nog: „Stuur Lasarus!"

Die verkeerde houding van Job sou dan hierin blyk, dat hy die mond vol het van oordeel oor die goddelose. Dit is soos 'n woede in hom waardeur hy die juiste verhoudings nie meer sien nie. In dieselfde lyn lê die volgende waarskuwing: „pas op . . . dat die grootheid van die losprys u nie verlei nie." Die woord wat deur losprys vertaal is, kan hier beter deur geskenk vertaal word, en dan veral in die sin van omkoopgeld, wat die woord ook beteken in I Sam. 12:3, Am. 5:12. Toe hy ryk was, kon Job alles met geld regkry. Maar van die regverdige straf van God, so wil Elíhu sê, kan jy jou nie vrykoop nie. Teen hierdie verklaring kan as beswaar ingebring word dat Job tog nie nou meer ryk was nie. Maar dit kan Elíhu juis bedoel: dit hoef jy nou nie meer te probeer nie!

In vs. 19 is sprake van „hulp voorbring". Maar hier is ook 'n ander vertaling moontlik en dit is nie die enigste probleem met hierdie vers nie. Dit is moontlik dat Elíhu bedoel dat Job se verset teen God vrugteloos is. In elk geval, die volgende vers sê Job moet nie verlang na die oordeelsnag nie. Die nag „wat volke wegneem uit hulle plek", is die nag van die gerig (34:25). Job het dikwels gepraat oor sy verlange na gerig (13:17 e.v.; 23:3–6; 24:1). Hy moet dit nie doen nie, sê Elíhu. Daarvoor is die gerig veels te vreeslik (vgl. Jes. 8:20–22). Volke word opgejaag in ballingskap – hierdie strafmetode van oorwinnaars word in ons teks 'n trek van die godsgerig.

Elíhu sluit sy vermaning af (vs. 21) met die waarskuwing dat Job nie tot ongeregtigheid moet verval nie. Hy is mos alreeds in die geselskap van die werkers van ongeregtigheid (34:8)! Hy moet liewer sy ellende verdra, sodat sy beproewing nie tevergeefs sal wees nie.



22 Kyk, God handel verhewe in sy krag;
wie is 'n leermeester soos Hy?
23 Wie het Hom sy weg voorgeskrywe?
En wie het gesê: U het onreg gedoen?
24 Dink daaraan dat u sy werk moet verheerlik
waar die mense van sing.
25 Al die mense sien dit met welgevalle aan,
die sterfling aanskou dit van ver.
26 Kyk, God is groot en onbegryplik vir ons;
die getal van sy jare is onnaspeurlik.
27 Want Hy trek waterdruppels af;
hulle sif neer by sy mistige weer as reën
28 wat die wolke laat neerstroom,
laat afdrup op baie mense.
29 Ja, kan iemand die uitspreiding van die wolke verstaan,
die gekraak van sy hut?
30 Kyk, Hy sprei sy lig oor Hom uit,
en die dieptes van die see oordek Hy.
31 Want daarmee oordeel Hy die volke
gee Hy voedsel in oorvloed.
32 Altwee sy hande oordek Hy met weerlig
en gee daaraan bevel teen die aanvaller.
33 Sy donderstem kondig Hom aan,
die vee selfs dat Hy optrek.

In vs. 22 gryp Elíhu terug na vs. 5 om te spreek oor die grootheid van God. In die betoning van sy grootheid is Hy 'n Leermeester en Hy duld geen teëspraak nie. Hy is die „opvoeder" van sy kinders en spreek op verskillende maniere (33:14; 36:9). Die mense – verstandige mense – sing daarvan. Elíhu het blykbaar sulke lofliedere op God se wysheid geken!

As voorbeeld van die grootheid van God noem Elíhu dat Hy die reën maak. Van die reën gaan hy oor na die onweer. Die opeenhoping van die wolke is indrukwekkend. Dit is die omhulling van sy heerlikheid. Elíhu noem dit sy „hut" – dit is 'n eenvoudige naam vir 'n verhewe saak. Uit die hut kom dan die donderslae voort. Die wonder van die onweer is nog groter as die wonder van die reën. In die onweer stuur Hy sy bliksemstrale uit.

Die betekenis van onweer is tweërlei: „daarmee oordeel Hy die volke; gee Hy voedsel in oorvloed." Die onweersbui laat die plante groei. Maar Elíhu wy meer aandag aan die gerigsgedagte! God bewapen Homself met weerlig, in albei hande! Hy gee bevel aan die

weerlig om die aanvaller te tref. Mens hoor dat Hy kom! Treffend is die slotwoorde: ook die vee is onrustig by die onweer. Maar hierdie vertaling is onseker. 'n Ander vertaling sê dat God ywerig is in sy toorn oor onreg. Dit pas goed in by Elíhu se betoog! Hy praat oor 'n toornige God! So kom God ook tot Job!

*Die optrede van Elíhu (slot)* (hfst. 37)

37:1 Ja, hiervoor beef my hart
en spring op uit sy plek.
2 Luister, luister na die gedruis van sy stem
en die dreuning wat uit sy mond uitgaan.
3 Onder die ganse hemel laat Hy dit los
en sy lig oor die eindes van die aarde.
4 Daarna brul sy stem,
Hy donder met sy stem vol majesteit
en hou die bliksems nie terug
as sy stem gehoor word nie.
5 God donder wonderbaar met sy stem;
Hy doen groot dinge wat vir ons onbegryplik is.
6 Want Hy gebied die sneeu: Val op die aarde!
ook die stortreën, ja, sy geweldige stortreëns.
7 Hy verseël die hand van elke mens in die winter,
sodat tot kennis kan kom
al die mense wat Hy gemaak het.
8 Dan gaan die wilde diere in skuilhoeke
en bly in hulle lêplekke.
9 Uit sy kamer kom die stormwind,
en deur die wolkverstrooiers koue.
10 Deur die asem van God word ys gegee,
en die wye waters lê vas in die engte.
11 Ja, met volheid van water belas Hy die wolke,
en Hy strooi ver en wyd sy ligtende wolk;
12 en dit skiet oral rond volgens sy bestel,
sodat hulle alles doen wat Hy hulle beveel
oor die wye wêreldrond:
13 òf tot 'n tugroede, òf tot nut van sy aarde,
òf tot liefdadigheid laat Hy dit sy doel vind.

Elíhu hoor die onweer nader kom en is diep onder die indruk daarvan. Sy hart beef en klop onrustig. Job, so sê hy, moet ook daarop



ag gee en luister! Dit is alreeds die storm waaruit die HERE Job sal antwoord. Dit is die gedruis, die dreuning van die stem van God. Sy rollende donder weerklink (Ps. 77). En hoe ver reik dit nie! Onder die ganse hemel! Hoe ver straal die weerlig nie! Oor die ganse aarde. Sy bliksems verlig die wêreld (Ps. 77; 97). Op die bliksemstraal volg die donderslag. Sy stem brul; majestueus klink die donder. Onophoudelik volg die een slag op die ander.

Uit eerbied en in digterlike vervoering noem Elíhu die donderslae die stem van God, die stem wat, hooggedug, rol en klater deur die lug (Ps. 29).

Ook ander groot dinge doen God met sy stem. Elíhu noem stortreëns, sneeu en ys. Die winterreëns (in Palestina) gaan gepaard met onweer en koue. In 6:16 het ons reeds daarvan gelees. In dié tyd lê die veldarbeid stil, „sodat die mense tot kennis kan kom", nl. tot besef van hulle afhanklikheid. Hulle kan nie altyddeur maak soos hulle wil nie! Die diere bly ook in hulle skuilplekke. Stormwinde – uit die Suide, vgl. 9:9; Sag. 9:14 – die asem van God, bring koue aan, en die wye waters word 'n massiewe ysklomp. Al hierdie natuurkragte staan onder bevel van God; Hy is die Bewerker en Beheerder daarvan. Soos Elíhu in 36:31 reeds gesê het, sê hy nou weer: God beoog 'n tweeledige doel: dit is òf straf òf weldadigheid! Die reëns laat die plante groei, maar storm en onweer rig ook skade aan!

14 Luister hierna, o Job! Staan stil
en gee ag op die wonders van God.
15 Begryp u hoe God hulle bevel gee
en die lig van sy wolk flikker?
16 Begryp u iets van die gesweef van die wolke,
van die wonders van die Volmaakte in kennis?
17 U, wie se klere warm word
as die aarde stil is vanweë die suidewind –
18 kan u saam met Hom die hemel uitbrei
wat vas is soos 'n gegote spieël?
19 Onderrig ons wat ons aan Hom moet sê:
ons kan niks voortbring vanweë die duisternis nie.
20 Moet dit Hom vertel word dat ek wil spreek?
Of het iemand ooit gesê dat hy vernietig wil word?
21 En nou, 'n mens kan die lig nie aansien
wat helder is in die hemel
as die wind verbygegaan en dit skoongemaak het nie.

22 Uit die Noorde kom goud te voorskyn,
maar oor God is daar ontsagwekkende majesteit.
23 Die Almagtige – ons vind Hom nie;
Hy is groot van krag, maar die reg
en die volheid van geregtigheid krenk Hy nie.
24 Daarom vrees die mense Hom;
almal wat eiewys is, sien Hy nie aan nie.

Hierdie verse is die slotgedeelte van die woorde van Elíhu. Job moet goed na hom luister! Die strekking van sy slotwoord is om Job te ontmoedig in sy begeerte om 'n antwoord van God op sy aanklagte teen Hom te kry. Eers brei Elíhu nog verder uit oor die mag van God, die Volmaakte, sowel in die onweer as in die styfgespanne blou lug (vs. 18). Teenoor die verhewenheid van God in die natuurverskynsels stel Elíhu die klein mens „wie se klere warm word as die aarde stil is vanweë die suidewind" – die mens wat deur sy klere gepla word as die weer baie warm word.

Job wil met Hom praat, maar wat sal ons aan Hom sê? Hy is ongenaakbaar, omhul in duisternis, wolke en donkerheid (Deut. 4:11; 5:23; II Sam. 22:12). Wie durf hom aanmeld om met Hom te praat? Dit is om jou eie ondergang te soek (vs. 20)! Die sonlig is soms deur wolke verduister, maar kom dan weer te voorskyn; en goud kan, hoe moeisaam ook, gevind word (hfst. 28!) „maar oor God is daar ontsagwekkende majesteit."

„Die Almagtige – ons vind Hom nie!" Korter en duideliker kan dit nie gesê word nie.

Hy is groot van krag, maar dit lei by Hom nie tot regsverkragting nie. Dit moet Job nie dink nie. Hy gebruik sy krag om die reg te handhaaf.

Daarom vrees die mense Hom. Dit is die gepaste houding teenoor Hom; en dit moet Job ook maar doen! „Almal wat eiewys is" – soos Job, bedoel Elíhu – „sien Hy nie aan nie."

Hoe sal Job probeer om met só 'n God 'n regsaak te begin?

*Die* HERE *antwoord Job (I)* (hfst 38 en 39)

Daarna het die HERE Job uit 'n storm geantwoord en gesê:
2 Wie maak die raadsbesluit daar tot duisternis
met woorde sonder kennis?
3 Gord dan soos 'n man jou heupe –
dan sal Ek jou ondervra, en onderrig jy My.



4 Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het?
Gee te kenne as jy insig het.
5 Wie het sy afmetinge bepaal? –
Jy weet dit mos!
Of wie het daaroor die meetsnoer gespan?
6 Waar is sy fondamentklippe op ingesink?
Of wie het sy hoeksteen gelê?
7 Toe die môresterre saam gejubel
en al die seuns van God gejuig het?
8 En wie het die see met deure afgesluit
toe dit uitgebreek, uit die moederskoot voortgekom het?
9 Toe Ek die wolk tot sy kleding gemaak het
en die donkerheid tot sy windsel.
10 Toe Ek my grens daarvoor uitgebreek
en grendel en deure gemaak het;
11 en gesê het: Tot hiertoe mag jy kom
en nie verder nie;
en hier word 'n grens gestel vir jou trotse golwe.

Daarna, ná alles wat deur Job en sy vriende gesê is, antwoord die HERE. Nou is dit sý tyd! Hoe het Job daarna uitgesien, daarvoor gevra. En nou kom dit. Dit is die groot ommekeer in die boek van Job en in Job se lyding. Maar die ommekeer is gans anders as wat ons met ons menslike gedagtes gedink het. Ons het gedink dat God nou alles vir Job sou verduidelik. Hy sou vir Job sê: Kyk, Job, dit was nou wel baie swaar vir jou, maar dit moes so gebeur omdat die Satan jou beskuldig het van onopregtheid en gesê het dat jy my sou vloek as Ek jou van jou voorspoed sou beroof. Ek het toe gesê dat hy dit dan maar moes probeer, want Ek was van jou opregtheid oortuig. Job, jy het jou goed gedra en My nie gevloek nie! En dit terwyl jy niks geweet het van wat aangaan nie. Jy kon die dinge wat oor jou gekom het, nie begryp nie en daardeur het jy wel harde dinge gesê. Maar Ek kon dit nie vir jou sê nie. Maar jy het die toets deurstaan! As God só met Job sou gepraat het, sou hy alles begryp het en sou hy bly gewees het dat hy, onwetend, hom so goed gedra het.

Sou dit nie billik wees as God so met Job sou praat nie?

Maar niks van dit alles nie! God maak geen verskonings en gee geen verklarings nie. Hy vertoon aan Job nie „sy vriend'lik aangesig" nie, maar antwoord uit die storm. In sy stryd het Job wel gevra dat God sy hand weg van hom moes aftrek (13:20) en sy roede wegneem, sodat verskrikking vir Hom nie sou beangstig nie. Maar God neem niks weg nie en kom tot hom in die storm, met 'n stortvloed

van verwytende vrae. Job kry geen kans om iets te sê nie; die HERE oorstelp hom met verstommende feite. Hy wys hom op sy nietigheid deur te vra: wie is jy wat my raadsbesluit tot duisternis maak met woorde sonder kennis? Dit is dus wat Job gedoen het! Die raadsbesluit is God se beplanning van alle dinge. Dit is nie duister nie, maar helder en wys. Dit word egter duister as daar dom oor gepraat word.

As Job dan dink dat hy as kritikus van God se wêreldbestuur kan optree – goed, laat hy dan soos 'n man sy heupe gord! Die heupe gord – dit doen 'n man wat 'n werk gaan aanpak. Hier is dit beeldspraak vir jou uiterste bes doen, nl. in die gesprek met God. Petrus gebruik dieselfde beeldspraak as hy sê: „omgord die lendene van julle verstand" (I, 1:13). God sal nou vrae stel, waarop Job moet antwoord. Hy, wat van alles soveel beter weet, sal God dan onderrig. Dit is 'n uittartende houding van God jeens Job. God kom in sy hoogheid en Job sal daarvoor moet swig.

God begin met vrae oor sy skeppingswerke en sy eerste vraag is: „Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het?" Wysheid gaan mos saam met ouderdom! Élifas het ook reeds so 'n sarkastiese vraag gestel: „Is jy die eerste as mens gebore?" As Job wou antwoord op God se „skeppingsvrae", dan moes hy by die skepping aanwesig gewees het. Maar Job was toe nog nêrens! Daarmee is die saak feitlik al beslis. Maar God gaan onversteurbaar voort met sy vrae.

Hier word gesê dat God die aarde *gegrond* het. In Genesis 1 : 1 staan net dat God die hemel en die aarde geskape het; met geen enkele woord *hoe* nie. Ons moenie dink dat ons nou daaroor nadere inligting verkry nie. Al wat ons te hore kry, is 'n uitvloeisel van antieke voorstellings. In ons teks is die voorstelling dat die aarde gebou is soos 'n huis wat „gegrond" word. Ook die ander uitdrukkings soos „afmetings bepaal" en „die meetsnoer span" is aan huisbou ontleen. So ook die vraag: „Wie het sy hoeksteen gelê?" Op die vrae wie hierdie dinge gedoen het, moet nie geantwoord word „God" nie. Dit sou die gedagte wek dat God besig was met opmetings op grootse manier. Ook op die vrae van Jes. 40 : 12 (wie het die waters met die holte van sy hand afgemeet e.a.) moet nie geantwoord word „God" nie, maar *niemand!* Dit blyk duidelik uit die volgende vrae in vs. 13 en 14. Die aarde is nie 'n werk wat met meet en pas vervaardig is nie. Daarom kan Job die vrae ook nie beantwoord nie. Dit het anders gebeur!

In vs. 6 word nie gevra wie dit gedoen het nie, maar na die wyse van die werk: waarop is sy fondamentklippe ingesink? Die oorspronklike woord wat hier deur fondamentklippe vertaal is, is die



gewone woord vir die voetstukke van die style van die tabernakel (Ex. 26 : 19 e.v.) Daarop moes die style rus. In die vraag van ons teks moet die voetstukke egter ook weer 'n ruspunt hê waarop „ingesink" of „neergelaat" word. So word die probleem nog meer ingewikkeld. Origens word daar op ander plekke in die Heilige Skrif in verband met die aarde nie van voetstukke gepraat nie, wel van pilare (9:6). (Vgl. ook Ps. 75:4). In 26:7 het ons weer 'n ander voorstelling van sake gekry!

In digterlike uitbreiding van die beeld word nog bygevoeg: „Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het?" Hier neem die digterlike verbeelding 'n hoë vlug! As 'n gebou „gegrond" is, is daar fees! Byvoorbeeld by die tempel na die ballingskap is daar op trompette geblaas en het simbale geklink (Esra 3 : 10). Toe die aarde gegrond is, het die môresterre gejubel en al die seuns van God gejuig! Dis engele van God wat met hierdie name aangedui word. Hulle was dus by die skepping van die aarde teenwoordig.

Die vrae gaan nou verder oor die see.

Die ontstaan van die see word voorgestel asof dit 'n geboorte is. Die geweldige „baba" moet ook versorg word! Hierby hoort om „in doeke toegedraai te word" (Eseg. 16:4; Luk. 2:7). Die see se kleding, se windsel is wolk en donkerheid. Dit is verskriklike klere waardeur die see 'n onheilspellende uiterlike verkry (Eseg. 34:12; Joël 2:2; Sef. 1:15). Maar God beheers die see met sy trotse golwe en stel aan hom paal en perk. Job weet wel van die vyandigheid van die see (7:12). Nou word hy daarop gewys dat die HERE die Skepper daarvan is en dat „die water Hom gehoorsaam is" (Luk. 8:25).

12 Het jy, solank as jy lewe, die môre ontbied,
die dageraad sy plek aangewys,
13 om die some van die aarde aan te gryp,
sodat die goddelose mense daarvan afgeskud word?
14 Dit neem nuwe vorme aan
soos die klei onder 'n seël;
en die dinge kry gestalte soos 'n kleed.
15 En aan die goddelose word hulle lig ontneem,
en die hoë arm word verbreek.
16 Het jy gekom tot by die bronne van die sec?
En het jy rondgewandel in die binneste diepte van die wêreldvloed?

17 Is die poorte van die dood vir jou ontbloot?
En het jy die poorte van die doodskaduwee gesien?
18 Omvat jou begrip die breedtes van die aarde?
Gee te kenne as jy dit alles weet.
19 Waar is tog die weg na die woning van die lig?
En die duisternis – waar is tog sy plek,
20 sodat jy dit kan bring elkeen na sy gebied
en kan verstaan die paaie na hulle huis?
21 Jy weet dit seker wel, want jy is toe gebore!
En die getal van jou dae is groot!
22 Het jy gekom by die skatkamers van die sneeu?
En het jy die skatkamers van die hael gesien,
23 wat Ek opgespaar het vir die tyd van benoudheid,
vir die dag van stryd en oorlog?
24 Waar is tog die weg na die plek
waar die lig gedeel word,
die oostewind hom uitsprei oor die aarde?
25 Wie het 'n kanaal gesplyt vir die stortvloed
en 'n pad vir die onweerstraal;
26 om te laat reën op 'n land waar geen mens is nie,
op 'n woestyn waar niemand woon nie;
27 om woestheid en verwoesting te versadig
en op die groeiplek jong gras te laat uitspruit?
28 Het die reën 'n vader?
Of wie verwerk die doudruppels?
29 Uit wie se moederskoot kom die ys te voorskyn?
En die ryp van die hemel – wie baar dit?
30 Die waters word hard soos 'n klip,
en die oppervlakte van die watervloed sluit aanmekaar.

Die HERE vra nou verder of Job ook kan doen wat Hy doen: die daeraad laat aanbreek. Het Job dit al ooit een keer gedoen, so vra Hy. Die digter gee nou 'n grootse beskrywing van hierdie daaglikse wonder. Hy vergelyk die aarde met 'n tafeldoek wat uitgeskud word; die krummels val dan af. So verdwyn die boosdoeners as dit lig word! Die aarde wat in donkerheid gehul was, neem in die lig weer nuwe vorme aan.

Met sy vrae lei die HERE Job na die verste uithoeke van sy skepping: die bodem van die see, die diepte van die wêreldvloed, die doderyk en sy swart duisternis, huiweringwekkende plekke – was Job al daar? Ken hy dit? Ook die breedtes van die aarde?

'n Besonder magtige verskynsel in die skepping is die afwisseling



van lig en duisternis. Elkeen van hulle is afsonderlike grootshede en elk – die digter laat God self dit sê – met 'n eie plek! Weet Job hoe om daar te kom? Ken hy die paaie na hulle huise, na hulle woning en plek? Dan kan hy die afwisseling ook beheer?! Sarkasties voeg God daarby: „Jy weet dit seker wel, want jy is toe gebore!" So oud – en wys – is jy mos! Hoe klein moes Job gevoel het by hierdie woorde van God! Hoe klein teenoor die wonderlike grootheid van God.

Maar daar is nog meer! Sneeu en hael! Dat hulle in skatkamers bewaar en opgespaar word, is 'n digterlike voorstelling: God het groot voorrade daarvan! In die stryd van Israel teen die Amoriete het die HERE hael as wapen gebruik, want Hy het vir Israel gestry (Jos. 10:11).

„Die plek waar die lig gedeel word" is die plek van sonop, van waar ook die sirokko (die oostewind) kom.

Stortvloede en onweerstrale is geen ongewone verskynsels nie maar waarvandaan kom hulle? Deur te praat van „kanaal" en „pad" wil die HERE sê dat dié dinge nie sommer vanself gebeur nie. Daar is 'n bewerker wat dit laat voortkom. Kan Job dit ook doen?

Treffend is die skildering van die reën wat op woestyne neerdaal en jong gras laat uitspruit.

Reën, dou, ryp en ys het almal hul oorsprong – weet Job waar dit is? Dat die waters hard word soos 'n klip en 'n aaneensluitende vloer vorm, is weer 'n kwashaal van die skilderende digter.

In die volgende verse (31, 32) kom die sterre ter sprake:

31 Kan jy die bande van die Sewe-ster knoop?
Of die toue van die Oríon losmaak?
32 Kan jy die Diereriem uitbring op sy tyd?
En die Beer met sy kleintjies lei?

Die Sewe-ster, Oríon en die Beer is sterrebeelde wat Job ken en (9:9) genoem het as maaksel van God. In ons teks word ook nog die Diereriem genoem. By elk van hierdie sterrebeelde word 'n besonderheid vermeld: by die Sewe-ster bande wat geknoop moet word; by Oríon toue wat losgemaak moet word; by die Beer dat sy kleintjies het. Wat hierdie besonderhede beteken, is onbekend. Miskien het ons te doen met fantasieë of mitologiese verhale wat in die oudheid omtrent die sterre in omloop was. Dat die HERE self daarvan melding maak, is geen bewys van verifikasie van die verhale nie; Hy druk hom so uit in aansluiting by menslike voorstellings!

Die vertaling „diereriem" is onseker. In 9:9 word hy nie genoem nie. Sommige verklaardes dink aan die skyngestaltes van die maan; die uitdrukking „op sy tyd uitbring" is hierby wel gepas.
In elk geval word hier op hemelverskynsels gewys wat ver bo Job se vermoë uitgaan.

33 Ken jy die wette van die hemel?
Of kan jy sy heerskappy oor die aarde bestel?
34 Kan jy jou stem na die wolke verhef,
sodat 'n oorvloed van water jou oordek?
35 Kan jy die bliksems uitstuur,
sodat hulle heengaan en vir jou sê: Hier is ons!
36 Wie het wysheid neergelê in die wolke?
Of wie het verstand gegee aan die wolkgevaarte?
37 Wie kan die wolke met wysheid tel?
En die watersakke van die hemel – wie giet hulle leeg
38 wanneer die stof saamvloei tot 'n stuk gietwerk
en die kluite aanmekaar klewe?

In hierdie verse kom die HERE weer terug op die reën (kyk 25–27) en hierdie keer onder die gesigspunt van „die wette van die hemel". Deur hierdie wette het die hemel heerskappy oor die aarde. Die hemel is in hierdie verband die lug, die dampkring. Kan Job daardie heerskappy deur bevel in aansyn roep, daarstel? Dis God wat die heerskappy ingestel het! Kan Job dit ook doen?
Die wolke verskyn en gee reën „met wysheid en verstand" op die droë aarde, maar dit is God wat die insig aan hulle gee.
Aanskoulik is die digterlike voorstelling van bliksems wat hulle op bevel van Job aanmeld en sê, „tot u diens!"
Die beskrywing van die verskillende weerverskynsels is bedoel om die grootheid van God daarin aan die lig te stel. Daarby is niks wat Job ook sou kon doen nie! Dit moet hom tot ootmoed stem.
Die HERE spreek verder en sê:

39:1 Kan jy prooi jag vir die leeuin?
Of die honger van die jong leeus stil maak?
2 as hulle neerbuig in die lêplekke,
klaar sit in die skuilplek om te loer.
3 Wie berei vir die kraai sy spys
as sy kleintjies roep tot God,
ronddwaal by gebrek aan voedsel?



4 Weet jy die tyd as die steenbokke lam?
Neem jy dit waar as die takbokooie voortbring?
5 Tel jy die maande wat hulle dragtig is?
En weet jy die tyd dat hulle lam?
6 Hulle buig hul krom, bring hulle kleintjies voort –
weg is hulle weë!
7 Hulle kleintjies word sterk, word groot in die veld,
loop weg en kom na hulle nie terug nie.

Job word deur God rondgelei in die dierewêreld, veral na die diere wat nie deur mense versorg word nie. Die digter noem verskillende diere met hulle kenmerkende eienskappe en gewoontes op. Hulle leef en soek voedsel en bring kleintjies voort. Geen mensehand hoef hulle daarby te help nie, en kan hulle ook nie help nie. Hulle weet hoe om in hulle bestaan te volhard. Die vaardigheid om dit te kan doen, het die Skepper in hulle gelê. Dat 'n leeuin haar prooi jag, dat jong rawe kos kry, dat jong bokkies rondspring is glad nie die werk van mensehande nie. Dit is die werk van God. Die dierelewe verkondig ook God se grootheid! As Job dit nooit eerder opgemerk het nie, dan word hy nou daarmee gekonfronteer!

8 Wie het die wilde-esel so vry laat loop?
En wie het die bande van die woestynesel losgemaak?
9 Vir hom het ek die wildernis sy huis gemaak
en die brak land sy woonplek.
10 Hy lag oor die gewoel van die stad;
die geskreeu van die drywer hoor hy nie.
11 Die omgewing van die berge is sy weiveld;
en al wat groen is, soek hy uit.

'n Ander voorbeeld is die wilde-esel wat vry in die berge rondloop. Hy is ontembaar en geen slaaf van die stad se kultuur nie. God laat hom wel sy kos vind!

12 Sal die buffel gewillig wees om jou te dien?
Of sal hy vernag by jou krip?
13 Kan jy die buffel aan die ploegvoor bind met sy trektrou?
Of sal hy die laagtes agter jou eg?
14 Sal jy op hom vertrou, omdat sy krag groot is?
En aan hom jou arbeid oorlaat?
15 Kan jy op hom reken, dat hy jou gesaaide sal inbring
en bymekaarmaak op jou dorsvloer?

Die buffel is groot en sterk maar vir die mens onbruikbaar. In 'n stal voel hy hom nie tuis nie. Dis nie sy geaardheid nie. Vir veldarbeid is hy ongeskik. Tog wil God hom in sy skepping hê as 'n toonbeeld van krag.

16 Die vlerk van die volstruis klap vrolik.
Is dit 'n sagaardige vleuel en veer?
17 Want sy laat haar eiers op die grond lê
en hou hulle warm op die grond;
18 en vergeet dat 'n voet dit kan stukkend druk
en die wilde diere van die veld dit kan vertrap.
19 Hard behandel sy haar kleintjies
asof dit nie hare is nie;
is haar moeite tevergeefs –
sy is nie bekommerd nie.
20 Want God het haar die wysheid ontsê
en haar geen deel gegee aan die verstand nie.
21 Wanneer sy haarself in die hoogte klap,
lag sy oor die perd en sy ruiter.

By die verse oor die volstruis is daar twee merkwaardighede: Daar word geen vraag aan Job gestel nie en dis nie God wat in hierdie verse spreek nie; daar word oor God gepraat (vs. 20).

Die volstruis word beskryf as vrolik klappend met die vleuels, maar ook as agtelosig en dom, ja hardvogtig; wreed sê Klaagl. 4:3. Sy sorg nie vir haar eiers en haar kuikens nie; tog sterf hierdie voëls nie uit nie! Haar krag lê in haar snelheid: met klappende vleuels draf sy die woestyn in en geen perderuiter kan haar inhaal nie.

Sy is wel 'n dier met vreemde eienskappe, maar tog 'n skepsel van God. Sy werke is anders as wat ons nuttig ag, maar Hy maak soos Hy wil. Ook dit moet Job bedink!

22 Gee jy aan die perd sterkte?
Beklee jy sy nek met maanhare?
23 Laat jy hom spring soos die sprinkaan?
Sy trotse gesnuif is 'n verskrikking.
24 Hy grawe in die laagte en is vrolik in sy krag;
hy trek uit, die stryd tegemoet.
25 Hy lag oor die vrees
en word nie verskrik nie
en draai nie om vir die swaard nie.



26 Op hom rammel die pylkoker,
die flikkerende spies en lans.
27 Onstuimig en wild verslind hy die grond
en staan nie stil as die basuin klink nie.
28 By elke basuinstoot sê hy: Heag!
En van ver ruik hy die oorlog,
die donderroep van die leërowerstes
en die oorlogsgeskreeu.

In die verse oor die perd stel God weer vrae aan Job. Die ander diere is beskryf in hulle wilde staat, die perd egter in diens van die mens, nl. as oorlogsperd. Daarvoor is die perd besonder geskik. Hy is sterk en vinnig, vurig en moedig. Terwyl die wapens van sy ruiter op hom kletter, storm hy die vyand met gerunnik tegemoet. Hy ken die krygsrumoer.

Die maanhare is sy sieraad – het Job dit aan sy nek gesit? Of laat hy hom spring soos die sprinkaan? In Joël 2:4 word omgekeerd die sprinkaan met 'n perd vergelyk! Hoewel ongelyk in grootte het hulle tog sekere ooreenkomstighede, veral in die vorm van die kop. In Openb. 9:7 kry ons dieselfde vergelyking; die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is. Dit is 'n angswekkende verskynsel. Job moet daarin die grootheid van God sien.

(Hierdie verse bevat die oudste gedig oor die perd.)

29 Sweef die valk opwaarts deur jou verstand
en sprei sy vlerke uit na die suide toe?
30 Of vlieg die adelaar hoog op jou bevel
en bou hy hoog sy nes?
31 Op die rots woon hy en vernag hy,
op die rotspunt en bergvesting.
32 Daarvandaan loer hy op voedsel,
sy oë kyk in die verte.
33 Ook slurp sy kleintjies bloed
en waar gesneuweldes lê, daar is hy.

Ten slotte kom nog twee roofvoëls ter sprake, wat hoog vlieg en op die rotse hul nes bou. Daar is ook 'n aasvoël by. Hulle is skerp van gesig en bespeur hulle buit in die verte. Van kleins af is hulle bloeddorstig.

Ook hier vra die HERE of Job kan bewerk dat hulle al die dinge doen op sy bevel.

*Die eerste antwoord van Job* (39:34–38)

En die HERE het Job geantwoord en gesê:

35 Wil die berisper met die Almagtige twis?
Laat hy wat God teregwys, hierop antwoord!

Toe het Job die HERE geantwoord en gesê:

37 Kyk, ek is te gering.
Wat kan ek U antwoord?
Ek lê my hand op my mond.
38 Een maal het ek gespreek,
maar sal nie meer antwoord nie;
ja, twee maal, maar ek sal nie voortgaan nie.

Die HERE wend hom nou regstreeks tot Job en noem hom 'n berisper. Na al die vrae oor die heelal in sy hoogte en diepte en oor die diere met hul eienaardighede, is Job diep onder die indruk van die grootheid en wysheid van God. Hy sê presies hoe hy voel: hy is te gering. Dit is nou die God met wie hy wou veg! Maar dis onmoontlik! In sy opstandigheid het hy gesê: wie sal begin? God? Dan sal hy antwoord. Of Job? Dan sal God antwoord (13:22).

Nou ja – God begin! En so dat Job niks het om te antwoord nie. Dit erken hy. Hy het veels te veel gesê maar sal dit nie weer doen nie. Hy lê die hand op die mond: hy sal swyg.

Job was al bang dat dit so sou gaan. In 9:3 het hy dit gesê. In sy woorde het toe iets van verwyt geklink. Nou laat God hom voel dat dit so gaan. Dan maak dit Job klein. Hy kry nie eens kans om met God te veg nie. God oorstelp hom met sy grootheid.

Job swyg. Maar God wil meer hê en gaan voort om Job te oordonder.

*Die HERE antwoord Job (II)* (hfst. 40, 41)

40:1 En die HERE het Job uit 'n storm geantwoord en gesê:
2 Gord tog jou heupe soos 'n man;
Ek sal jou ondervra en onderrig jy My.
3 Wil jy werklik my reg verbreek,
My veroordeel, dat jy gelyk kan hê?
4 Het jy dan 'n arm soos God?
En kan jy donder met die stem soos Hy?



5 Versier jou tog met heerlikheid en hoogheid,
en beklee jou met majesteit en glorie!
6 Giet jou toorn in strome uit;
en kyk na alles wat hoog is,
en verneder dit.
7 Kyk na alles wat hoog is, onderwerp dit;
en werp die goddelose neer
daar waar hulle staan.
8 Begrawe hulle almal saam in die stof;
sluit hulle aangesigte in 'n verborge plek weg.
9 Dan sal ook Ek jou loof,
omdat jou regterhand jou die oorwinning gee.

Die HERE het nog nie klaar gepraat nie en sit sy vrae aan Job voort met dieselfde uitdagende woorde waarmee Hy (38:3) begin het: „Gord tog jou heupe soos 'n man; Ek sal jou ondervra en onderrig jy My." Die vraag wat Hy nou stel is egter heeltemal van 'n ander aard. Dit gaan hierdie keer nie oor die grootheid van God in sy skepping nie, maar oor Job se verwyte dat God hom onregverdig behandel het. Wat die grootheid van God in die skepping betref, het Job die raadsbesluit van God tot duisternis gemaak met woorde sonder kennis (38:2). Maar nou is dit nog erger. God vra: „Wil jy werklik my reg verbreek, . . . dat jy gelyk kan hê?" Nou gaan dit om verbreking van die reg van God. In absolute sin is dit nie moontlik nie, maar 'n mens kan daarop so baie aanmerkings maak, dat jy gaan dink dat God geen reg doen nie. Nog skerper stel God sy vraag: „Wil jy . . . My veroordeel, dat jy gelyk kan hê?" Dit beteken: Wie is reg, jy of Ek?

Het Job God dan veroordeel? Sekerlik, in baie uitsprake! Job het gesê: „Weet dan dat Gód my onregverdig behandel" (19:6). Job self, so sê hy, is onskuldig, maar desondanks sal hy tog skuldig wees (9:29); al was hy regverdig – God sou hom jaag soos 'n leeu (10:16). Hy sê van homself: „Vroom is ek" (9:21), maar God vernietig almal, die vrome en die goddelose (9:22), ja, God spot met die vertwyfeling van die onskuldiges (vs. 23). God doen onreg, want die goddelose bly lewe (21:7), „Sy emmers is vol melk", ens., „die ander daarenteen sterf met bitterheid van siel" (21:24, 25). God hou geen gerigsdae (24:1) nie!

Dit is swaar beskuldigings!

Aan die man wat sulke swaar beskuldigings teen God inbring, vra God: „Het jy dan 'n arm soos God?" Die arm is simbool van krag. Die HERE vra dus eintlik: Is jy so sterk soos God? Verder vra Hy:

„Kan jy donder met jou stem soos Hy?" Kan jy ook met sulke oorweldigende magsvertoon optree? Hierdie vrae is ironies. God weet dat Job die krag nie het nie. Maar dit lyk asof hy hom dit tog verbeel!

Ons sou sê: Maar daaroor gaan dit nie hier nie. Dit gaan nie oor mag nie maar oor reg. God se mag word nie betwyfel nie. Job het die mag van God meer as een keer erken. Die vraag is of God met sy mag ook reg doen! Dit is egter 'n eg menslike bedenking; by mense is besit van mag geen waarborg van reg nie. Dat dit by God anders is, het Elíhu ons reeds geleer. Hy noem God „die Regverdige, die Geweldige", wat die vorste nie voortrek nie en op die vername nie meer ag gee as op die arme nie; want hulle almal is die werk van sy hande (34 : 10–19). Maar Hy gebruik sy mag om die reg te handhaaf!

Nou doen God die ironiese voorstel aan Job dat hý maar as regter moet optree. Dan moet hy ook die voorkoms hê van 'n regter, d.w.s. van 'n koning, want die koning is die regter. Dos jou uit, sê God, met glans en glorie, beklee jou met prag en praal. Ons kies hierdie bewoording om die alliterasie wat in die oorspronklike teks aangetref word, na te boots. So moet Job as regter „in formele drag" plaas neem, en God sê, „Giet jou toorn in strome uit". Job is mos toornig! Nou kan hy as regter op die troon in sy ampsgewaad sy gramskap en verbolgenheid laat botvier!

Job moet dan „kyk na alles wat hoog is; verneder dit!" God sê dit nog 'n keer: „Kyk na alles wat hoog is, onderwerp dit!"

So tipeer God die sonde: alles wat hoog is! Dit is die wese van die sonde: hoogmoed. Hy vra van die mense „om ootmoedig te wandel met jou God" (Miga 6:8) en „die hoogmoedige ken Hy uit die verte" (Ps. 138 : 6).

As regter moet Job die hoogmoediges verneder en onderwerp. Daarvoor is krag nodig. Hy moet hulle totaal verneder en grondig onderwerp, want sy volgende taak is om hulle almal saam in die stof te begrawe en hulle aangesigte in 'n verborge plek weg te sluit. Dit is dan hulle totale vernietiging en die trotse aangesigte het dan vir goed verdwyn.

As Job dit alles kan doen, sal God hom loof! Dan het sy regterhand aan hom die oorwinning gegee, d.w.s. dan het hy dit gedoen in eie krag.

Dan sal God hom loof! Maar is dit nie die omgekeerde wêreld nie? Natuurlik is dit so. Maar dat Job in God se plek as regter sou optree, is ook die omgekeerde wêreld! Met sy kritiek het hy dit tog probeer doen. Hoe onredelik dit was, het Bildad hom al verwyt met



sy vraag: „sal om jou ontwil . . . 'n rots uit sy plek versit word?" (18 : 4). Maar nou sê God: doen dit dan maar! Maak asof jý God is! Dat die mens soos God wou wees is ook die omgekeerde wêreld! (Gen. 3 : 5). Maar die mens sien dit nie in nie. Nou sê God vir Job: doen dit dan maar – Ek sal jou loof. Maar dit is die ongerymdheid self!

Job sal dit trouens ook nie kan doen nie. Om aanmerkings te maak op God se werk is een ding, maar om dit self beter te doen is iets anders.

Wat is die antwoord van Job op God se uittarting?

Dié antwoord kry ons nie terstond nie! Eers volg nog 'n voortsetting van die dierebeskrywing (40 : 10 – 41 : 25).

Op die tweede antwoord van die HERE (40:1–9) volg sonder enige oorgang of nadere aanduiding: „Kyk, daar is die seekoei . . ." (40 : 10). dan volg daar 'n breedvoerige beskrywing van die seekoei (vs. 10–19). En daarna volg 'n nog breedvoeriger beskrywing van die krokodil (40:20–41:25). Sulke dierebeskrywings het ons ook gekry in hoofstuk 39, waarin veral dié van die volstruis en die perd opmerklik was. Die dierebeskrywings dien om Job ontsag in te boesem vir die grootheid van die Skepper. Hierdie doel is daarmee ook bereik, soos blyk uit Job se antwoord in 39 : 34–38. Verder het die HERE in sy tweede antwoord (40 : 1–9) 'n geheel ander onderwerp ter sprake gebring, nl. sy regspraak! Ons verwag dus geen dierebeskrywings meer nie. Is hulle uit hulle oorspronklike plek verskuif? Of is hulle latere invoegings?

Sommige geleerdes het aanmerkings gemaak op die letterkundige kwaliteit van hierdie stukke. Dit is egter 'n subjektiewe oordeel. Ander het opgemerk dat dit Egiptiese diere is wat beskryf word, Nyldiere! Tog is hulle belangrike stukke, in alle opsigte lesenswaardig.

Ons sal dit egter nie bespreek nie. Dit doen geen skade aan die begrip en insig in die boek van Job nie. 'n Mens kan die stukke in die Bybel lees en dan aan die einde daarvan die antwoord van Job kry (42:1), wat direk aansluit by die uittartende vrae van die HERE in 40 : 1–9.

*Die tweede antwoord van Job* (42 : 1–6)

Toe het Job die HERE geantwoord en gesê:
2 Ek weet dat U alles kan doen
en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie.

3 Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis?
So het ek dan gespreek sonder om te verstaan,
dinge te wonderbaar vir my,
wat ek nie begryp nie.
4 Hoor tog, en ék sal spreek;
ek sal U ondervra en onderrig U my.
5 Volgens hoorsê het ek van U gehoor;
maar nou het my oog U gesien.
6 Daarom herroep ek
en het berou in stof en as.

In sy eerste antwoord het Job belydenis gedoen van sy eie geringheid: „ek is te gering" (39:37). In die tweede erken hy God se grootheid en mag: „Ek weet dat U alles kan doen." Die woord „weet" in sy oorspronklike vorm bevat die gedagte van „ek het agtergekom en weet dus nou".

In die antwoord van Job kom uitdrukkings voor wat die HERE ook gebruik het, nl. die woorde oor die raadsbesluit (38 vs. 2), nie letterlik dieselfde nie, maar wel wat die betekenis betref; en die woorde: „Ek (sal) jou ondervra, onderrig jy My." In sy verslaenheid hoor Job die woorde van God nog in sy ore dreun.

Job erken dat hy gespreek het sonder om te verstaan, dinge wat te wonderlik vir hom was, wat hy nie kon begryp nie. Hy het gepraat sonder insig. Deur die vrae van die HERE het hy tot insig gekom veral met betrekking tot sy kennis van God. Vroeër was dit „van hoorsê". „Maar nou het my oog U gesien." Daartussen is 'n verskil soos tussen hoor en sien. Dit is 'n verskil in voortgang, opklimming. Dit is mos ook die gedagte by die sakramente: sigbare waartekens en seëls om ons die Woord beter te laat verstaan.

Wat bedoel Job met „God sien"? Nie 'n liggaamlike sien nie, al sê hy ook daarby „my oog"; dit is slegs by wyse van uitdrukking. Niemand het God ooit gesien nie! Dit sou ook dodelik wees; „geen mens kan My sien en bly lewe nie" (Ex. 33:20). Hy bedoel slegs die verdieping van sy insig. Hy het God gesien in die heerlikheid van sy werke en in sy grootheid teenoor sy eie geringheid. Aanvanklik het dit Job beweeg om maar te swyg (die hand op die mond, 39:37). Maar die HERE wou meer hê. Dit kry Hy nou: Job sê, „Daarom herroep ek." Hy sê nie wát hy herroep nie. Hy soek nie iets wat hy sou hoef te herroep nie. Dit sou selfhandhawing wees. En daarvan is by hom geen sprake meer nie. Hy herroep alles. Meer nog – „ek het berou in stof en as", in die ootmoedigste houding wat hy maar



kán aanneem. Hy het berou nie net oor wat hy gesê het nie, maar oor die feit dat hy gepraat het; dit was onvanpas teenoor God!

Van Job se „geveg met God" het dus niks tereggekom nie. Hy onderwerp hom weer aan die soewereiniteit van God; „weer", want hy het dit in die begin ook gedoen, toe hy gesê het: „Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!" Maar later het hy „teen God geantwoord" – om die uitdrukking van Paulus oor te neem (Rom. 9:20). Dit was nie alles verkeerd nie. Maar die HERE gaan net nie daarop in nie. Hy het Job se vrae nie beantwoord nie. Hy het Job se verwyte nie ontsenu nie. Hy het vir Job geen enkele verklaring van sy omstandighede gegee nie. Hy het net sy grootheid getoon. Dit het by Job 'n goeie uitwerking gehad. Daaruit blyk die waaragtigheid van die vroomheid van Job. Hy het geswyg. Hy het herroep. Hy het berou gehad. Dit is 'n erkenning van die soewereiniteit van God.

Dit is die boodskap van die boek Job: God is soewerein. Hy maak met sy skepsele soos Hy wil en is geen verantwoording skuldig nie.

Job het dit wel geweet en in sy lydenstryd daarvan gepraat. So het hy gesê: „Hy bly onveranderlik Een – wie sal Hom dan teëhou? En wat sy siel begeer, dit doen Hy" (23:13). En: „By Hom is wysheid en mag; Hy het raad en verstand" (12:13). Maar toe het Job sy kop daarteen gestamp. Nou egter onderwerp hy hom!

*Slot* (42:7–17)

7 En nadat die HERE Job toegespreek het met hierdie woorde, sê die HERE aan Élifas, die Temaniet: My toorn het ontvlam teen jou en jou twee vriende; want julle het nie reg van My gespreek soos my kneg Job nie.
8 Neem dan nou vir julle sewe bulle en sewe ramme, en gaan na my kneg Job en bring 'n brandoffer vir julle en laat my kneg Job vir julle bid; want hom alleen sal Ek in guns aanneem, sodat Ek aan julle nie die dwaasheid laat vergelde nie; want julle het nie reg van My gespreek soos my kneg Job nie.

Na die antwoorde van die HERE uit die storm het Hy nie meer met Job gepraat nie. Nie aan Job self nie maar aan sy vriend Élifas sê Hy dat Job reg van Hom gespreek het en dat dit nie die geval was met die vriende nie. Wat hulle gesê het noem die HERE dwaasheid. Élifas moet na Job gaan en hom vra om vir hulle te bid, „sodat Ek aan julle nie die dwaasheid laat vergelde nie", d.w.s. sodat God nie

met hulle maak volgens hulle dwaasheid nie. Saam met die gebed van Job moet 'n brandoffer (ter versoening) deur die vriende gebring word. Die HERE sal alleen Job in guns aanneem.

Hierin lê vir Job sy regverdiging.

Hy het heftig daarna verlang maar persoonlik het hy dit nie uit die mond van die HERE gehoor nie. Nou kry hy dit tog sydelings.

Die opdrag aan Élifas en die motivering van die HERE daarby is belangrik vir die verstaan van die boek Job: vs. 7 en 8 is 'n sleutel om die boek te verstaan.

Maar is die motivering nie vreemd nie? Wanneer het Job reg van God gepraat? Bedoel die HERE sy allereerste reaksie na die rampe, toe hy gesê het: „die Naam van die HERE sy geloofd?" Of bedoel Hy Job se woorde van berou aan die einde van die beproewing? Maar die dwaasheid van die vriende lê ongetwyfeld in hulle gesprekke met Job. Dan moet dit ook in dié gesprekke wees wat Job reg van God gespreek het! In die gesprekke het hy met die vriende gestry en hulle bewerings weerlê. In die lig van die beoordeling van hulle bewerings deur die HERE kan ons sê Job het hulle dwaasheid weerlê! Maar wat het Job nie alles kwytgeraak in daardie botsing van menings nie! God self sê dat Job die raadsbesluit tot duisternis maak met woorde sonder kennis! Dat hy 'n „berisper" is en die reg van God wil verbreek! En wat die vriende betref – het hulle geen waarhede verkondig nie? Het die HERE nie self verkondig dat dit met die regverdige goed sal gaan nie maar met die goddelose sleg (Jes. 3:10, 11)?

Sekerlik het die vriende waarhede uitgespreek. En van die waarhede algemene reëls gemaak, „kernspreuke" (13:12). Hulle het oor die waarhede gepraat met menslike logika. Hulle was „wyse" manne wat meen dat hulle alles geweet het soos „die vorige geslag" en „hulle vaders" (8:3) en hulle self ook „gesien het" (4:8). En soos hulle nou vir hulself 'n voorstelling van God gemaak het, só wil hulle Hom ook verdedig (13:7), al moet hulle ook vir Job daardeur vertrap. Job het aangevoel dat dit nie reg was nie en dat hulle daaroor strafwaardig was (13:10). En nou, op die end (42:7), is dit so! Juis omdat hulle alles so goed geweet het, was hulle opvattings dwaasheid!

Job het nie alles geweet nie! Sy gemoed was vol vrae! Hy het gestaar in die onbegryplikheid van God en daarmee geworstel, met woorde sonder kennis! Natuurlik! Hoe kon hy anders! Maar hy het tog iets beetgehad, iets waarvan die vriende geen besef gehad het nie: die ONBEGRYPLIKHEID van God. En daarvoor het hy ten slotte gebuig. Die woorde sonder kennis het hy herroep. En



met berou in stof en as het hy die grootheid van God onaangetas gelaat!

Hy het God nie afgemeet en ingepas volgens tradisionele beskouings nie. Dit was die dwaasheid van die vriende. Maar hy het God gesien in sy vrymagtige en soms skynbaar willekeurige optrede en daarmee geworstel met vraende, verwytende, weerbarstige woorde. Hy het sy God verloor en wou Hom terugvind. En die Almagtige het Hom laat vind!

Die HERE het nie meer met Job gepraat nie maar in dade sy guns aan hom betoon. Hy het sy lot verander en sy besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen. Die getal van sy kinders word egter nie verdubbel nie. Die kinders wat omgekom het, sal nie na Job terugkeer nie, maar hy sal na hulle gaan! (Kyk II Sam. 12:23.)

Job het nog honderd en veertig jaar lank gelewe en daarna gesterwe, oud en afgeleef. 'n Mens op aarde kan ook onder die gunstigste omstandighede en in die beste sielsgesteldheid nie altyd bly lewe nie.